

InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek

Vol 1(1), Feb 2001

Redaksioneel...

Net soos ontwikkelinge in alle vakgebiede al vinniger plaasvind, so raak daar al meer wetenskaplike inligting in allerlei vorme beskikbaar. Vir die student en navorser is die groot gevaar nie net dat sy of hy sal verdwaal in die magdom van wat aangebied word nie, maar veral dat die eerste die beste as goed genoeg beskou sal word. Dit is hierin dat die Ferdinand Postma-Biblioteek graag 'n rol wil speel, naamlik om vir ons gebruikers orde te skep en toegang te bied tot die beste wat beskikbaar is.

Ons besef dat dit onmoontlik is om deur persoonlike kontak of ander kommunikasiemiddele nuus oor al die nuutste ontwikkelinge aan gebruikers oor te dra. Vandaar hierdie nuusbrief, InfoForum. Ons vertrou dat die inligting in die uitgawes hiervandaan vorentoe vir u interessant en veral verhelderend en nuttig sal wees. En laat gerus vir ons u reaksies en versoeke kry. Dit is per slot van sake 'n Forum. **Blaai gerus af en lees meer hieroor...**

Tom Larney
Direkteur Biblioteekdienste

"The greatest impediment to progress has often not been ignorance, but rather the illusion of knowledge".

(Daniel Boorstin, vry aangehaal)



Het jy geweet dat die biblioteek nou toegang het tot die Beilstein/Gmelin Chemie databasis wat deur SASOL beskikbaar gestel word? Wil jy meer weet daaroor? Wil jy graag toegang daartoe verkry? Skakel [Anriette Pretorius](#) by die NWB (x2810).

Waarom sukkel met die oopmaak van 'n elektroniese IBL dokument?

Hier is 'n paar [wenke](#) en verdere navrae kan ook gerig word aan [Susan Coetzee](#) (x2793)

Nuwighede met



Die grootste persentasie universiteits- en technikonbiblioteke in die land gebruik soos ons, die Innopac-biblioteekstelsel en hierdie stelsels is elektronies met mekaar verbind. Daarom is dit moontlik om in [ons katalogus](#) te sien wat in [ander biblioteke se katalogi](#) gehuisves word. Millennium is die naam van die nuutste Webgebaseerde weergawe en die FPB is tans die eerste biblioteek in Suid-Afrika wat hulle uitleen- en tydskrifadministrasie daarin doen.

Wie kan my help asseblief?

Moenie verder wonder nie, hier is 'n lys van [kontakpersone in die Biblioteek](#) wat gereed staan om jou te help.

Diensure van die Biblioteek

Dis die Biblioteek se strewende om te alle tye goeie diens te lewer. Ons [Webwerf](#) is 24 uur van die dag, 7 dae van die week en 365 dae van die jaar beskikbaar vir toegang tot e-bronne, maar geboue het deure wat een of ander tyd moet sluit. Raadpleeg ons webwerf vir die [nuutste diensure](#).

Besembos of Tarentaal?

Dit is die name van die twee nuwe opleidingslokale in die Ferdinand Postma-Biblioteek. Dosente, maak gebruik van hierdie geleentheid om julle studente blootstelling te gee aan die e-wêreld. Vakgerigte opleidingsessies in databasis-, tydskrif- of Internetsoektogte kan gereel word by julle onderskeie vakreferente in die Biblioteek, of by [Ria Adelaar](#) (x2802).

Tydskrif-tentakels: waar hoort wat?

Kry meer duidelikheid oor die [stand van tydskrif](#)sake en [gereserveerde materiaal](#) in die Ferdinand Postma-Biblioteek.

Toegang tot e-databasisse, e-tydskrifte, e-naslaanwerke en onderwerpsgidse

Boeke staan nie meer op rakke nie en prentjies kan nie meer uit tydskrifte geskeur word nie. Wat dan nou...? Gaan kyk gerus wat is alles op die [Biblioteek se webwerf](#) beskikbaar en jy sal verbaas wees...



Geregistreerde studente en personeel van die Puk het nou [toegang](#) tot die volteks van 1 200 e-tydskrifte van Elsevier uitgewers deur **ScienceDirect**. Gebruikers wat graag van buite die kampus af op ScienceDirect wil werk, kan [Anriette Pretorius](#) (x2810) by die NWB of [San Geldenhuys](#) (x3170) by VDB kontak vir die nodige registrasie inligting. [Hier is 'n paar registrasiewenke](#).

Aanbeveling vir die aankoop van boeke vir die Biblioteek

Maak gebruik van die [biblioteekkatalogus](#) om boeke vir aankoop aan te beveel.

Argief hier beskikbaar.

© 2001 PU vir CHO, Alle regte voorbehou. **Kennisgewings**

15 Februarie 2001. **FPBWEB**

<http://www.puk.ac.za/biblioteek/nuusbrief/>



Terug na die Nuusbrief

Beilstein & Gmelin for Sasol, University Libraries and Chemistry Departments

The Sasol Library recently subscribed to Beilstein & Gmelin, two well known databases to chemists and chemical engineers. Beilstein as the largest chemical facts database, includes structures, physical properties, reactions, catalyst data and literature references covering 7,5 million organic compounds. Gmelin, covers approximately 1 million inorganic and organometallic compounds. Both databases can be searched using the Crossfire search engine.

The Sasol Library is the only library or institution in South Africa and even Africa to subscribe to these databases. In a joint initiative with Frelico (Free State Libraries and Information Consortium), the databases have been made available, as a contribution by Sasol, to universities and technikons for the training and education of chemists and chemical engineers. The databases are made available to all interested tertiary institutions by Sasol through a server at no cost, but each individual institution needs to negotiate its own licence agreements and access.

With the launch of the database service on 24 October 2000, Mr Paul Collins, representative of MDL Information Systems Inc. for South Africa, presented each educational institution with an extra free licence for each licence negotiated with MDL. Educational institutions like University of the Free State, University of Pretoria, University of Witwatersrand, University of Potchefstroom, University of Rhodes, University of Venda, University of Natal – Durban & Pietermaritzburg, University of Cape Town, University of Stellenbosch, Cape Technikon, ML Sultan Technikon are all participating in this wonderful opportunity.

For more information and a demonstration of the databases, contact Wikus Louw, Technical Liaison for the Sasol Library at (016) 960-3889 or his e-mail: wikus.louw@sasol.com.

Other universities or technikons interested can contact Mr Dux van der Walt, project leader for Frelico at (051) 430-2739.




On photo from left to right:

Mr Cloete Uys, Manager IM (Sasol Technology); Mr Jan Fourie, executive director of Sasol; Mr Paul Collins, representative of MDL Information Systems Inc. for South Africa; Ms Alida Dippenaar, director- Library Services UOFS and Mr George de Bruin, Library Manager, Sasol Library.

Wat moet ek doen wanneer ek 'n elektroniese interbiblioteeklening (IBL) dokument per e-pos ontvang?

[Terug na die Nuusbrief](#)

Hier is 'n bietjie gerusstelling. Volg dus die instruksies soos hieronder uiteengesit.



Wanneer u 'n Ariel dokument per e-pos ontvang sal u dit maklik kan eien aan die Ariel Electronic Document verwysing wat in die Subject veld van Groupwise sal wees.

Daar sal 3 dokumente lê. Regs-klik op DOCUMENT.TIF en kies OPEN. Die dokument sal dan u TIF-leser oopmaak (dit kan DocView of Imaging of enige soortgelyke grafiese leser wees).

Moet nie bekommerd wees indien die dokument lyk of dit leeg, of die lettertipe baie groot is nie. Die programme wat die dokumente oopmaak het baie keer 'n "zoom"-funksie wat gestel kan word. U kan gerus met die funksie speel om die dokument meer leesbaar te maak. U sal ook geen probleme hê om die dokument uit te druk nie – al vertoon dit groter as normaal.

Maak gebruik van die druk funksie van die program waarin die dokument oopgemaak het en nie van Groupwise s'n nie. Indien u Groupwise se druk funksie gebruik sal slegs die inhoud van die e-pos uitdruk en nie die dokument nie.

Kontakpersone in die Ferdinand Postma-Biblioteek

[Terug na die Nuusbrief](#)

KNELPUNTE	KONTAKPERSOON	TELEFOON-NOMMER
Direkteur Biblioteek- en Inligtingsdienste	Tom Larney	299 2000
Algemene navrae	Riana van der Westhuijzen	299 2000
Databasistoegangsprobleme	Corrie Breitenbach	299 2803
	Eleanor Nothnagel	299 2818
	Bessie van der Walt	299 2812
Interbiblioteeklening: e-pos en uitdrukprobleme	Eleanor Nothnagel	299 2818
Webblaaier (Netscape/Microsoft Internet Explorer) probleme	Eleanor Nothnagel	299 2818
Inmagic - databasisnavrae	Corrie Breitenbach	299 2803
Navrae i.v.m aanbevelings en/of bestel van boeke	Jubrie Oosthuizen	299 2000
Navrae i.v.m aanbevelings en/of bestel van tydskrifte	Jubrie Oosthuizen	299 2000
Navrae i.v.m biblioteektoekennings vir Skole/Navorsingsfokusareas	Tom Larney	299 2000
	Jubrie Oosthuizen	299 2000
Navrae i.v.m gereserveerde bronne	Brenda Viljoen	299 2797
Besit die Biblioteek hierdie boek/tydskrif?	Uitleen	299 2800
	Inligting	299 2802
Waar kan ek my boek telefonies hernu?	Uitleen	299 2800
Waar kan ek 'n boek wat reeds uitgeleen is bespreek?	Uitleen	299 2800
Wie kan my help met vakgerigte inligting?	Inligting	299 2802

Waarvandaan kry die Ferdinand Postma-Biblioteek hulle ongeveer 1680 lopende tydskriftitels?

Terug na die Nuusbrief

Ons maak gebruik van twee Internasionale subskripsiedienste, naamlik dié van SwetsBlackwell en EBSCO. So 'n subskripsiediens teken namens biblioteke op die titels van hulle keuse in by verskillende uitgewers, soos MCB, Elsevier, Chicago Press, ens. Dit maak die administrasie vir biblioteke baie eenvoudiger aangesien hulle 'n eenmalige jaarlikse subskripsiefooi aan die subskripsieagent betaal vir al die titels, en die agent moet dan toesien dat die biblioteek sy tydskrifte gereeld en op die regte tye ontvang.

Die Ferdinand Postma-Biblioteek is tans by SwetsBlackwell ingeteken op 973 tydskriftitels waarvan ongeveer 200 ook elektronies beskikbaar is deur middel van SwetsBlackwell se soekenjin, SwetsNetNavigator. By EBSCO is ons ingeteken op 116 titels. Op grond van hierdie intekeninge het ons toegang tot ongeveer 400 elektroniese tydskrifte.

Dan is daar ook twee Internasionale elektroniese uitgewersdatabasisse waarop ons in die GAELIC konsortiumverband ingeteken is, naamlik MCB University Press se Emerald Library en Elsevier se ScienceDirect. Die Ferdinand Postma-Biblioteek is in werklikheid ingeteken op slegs 6 van die MCB tydskrifte, maar in konsortiumverband het ons toegang tot ongeveer 110 elektroniese voltekstydskrifte. By Elsevier is ons ingeteken op 57 tydskriftitels, maar ons het in konsortiumverband toegang tot 1 200 volteks elektroniese tydskrifte.

Toegang tot al hierdie elektroniese tydskrifte

is **slegs beskikbaar vir geregistreerde studente en personeel van die PU vir CHO** en daarom is die databasisse in die meeste

Tydskrifartikels aan Buitegebruikers

Die Tydskrifafdeling van Bronverskaffing lewer ook 'n diens aan ingeskrewe studente **wat nie in Potchefstroom woonagtig is nie**. Indien u artikels uit tydskrifte verlang, kan u die Adeling kontak. Ons sal die afskrifte vir u maak @ 50c per bladsy waarna dit aan u gepos sal word.

Vir verdere inligting kontak die Afdeling by (018) 299 2797 of faks (018) 299 2999.

Populêre Tydskrifte vir Ontspanning

Die Tydskrifafdeling is ook op 'n aantal populêre tydskrifte, soos bv. die Huisgenoot, You, Sarie, Rooi Rose, Pace, Landbouweekblad, De Kat en Fair Lady ingeteken. Daaglik word die volgende koerante ontvang: Beeld, The Star, Citizen, Sowetan. Verder is ons ook ingeteken op die Rapport, Sunday Times en die Potchefstroom Herald.

Gereserveerde Materiaal

Die Reserveerafdeling – geleë op die 2de vloer van die Biblioteek, langs die Tydskrifafdeling van Bronverskaffing – beskik oor fotokopieerfasiliteite vir die kopiëring van boeke en fotokopiebundels deur betrokke dosente daar geplaas. Met behulp van ons elektroniese biblioteek katalogus kan die gereserveerde materiaal, wat op die reserveerrak staan, met gemak geïdentifiseer word. Maar om dit te kan doen, moet die student weet wie die dosent is wat die materiaal gereserveer het, of die klaskode ken.

gevalle van die kampus af beskikbaar sonder gebruikersnaam en wagwoord, maar van buite die kampus af word 'n gebruikersnaam en wagwoord vereis wat slegs aan genoemde gebruikers beskikbaar gestel word.

© 2001 PU vir CHO, Alle regte voorbehou. [Kennisgewings](#)

15 Februarie 2001. [FPBWEB](#)

<http://www.puk.ac.za/biblioteek/nuusbrief/>

Hoe om jou persoonlike gebruikersnaam by ScienceDirect te aktiveer

- Skakel Anriette Pretorius (299 2810) by die Natuurwetenskappe biblioteek en kry 'n registrasie-gebruikersnaam en wagwoord by haar
- Laai nou die volgende ScienceDirect Webblad:

<http://www.sciencedirect.com/register>

- Op hierdie bladsy sal daar van jou verwag word om die gegewe registrasie-gebruikersnaam en wagwoord te verstrek
- Klik dan op die "Submit" knoop

ScienceDirect- Registration - Microsoft Internet Explorer

File Edit View Favorites Tools Help

Back Forward Stop Refresh Home Search Favorites History Mail Print

Address <https://cs.sciencedirect.com/register>

SCIENCE @ DIRECT®

To create and activate your own personal ScienceDirect® account, enter your registration ID and registration password below, then click the **submit** button.

registration ID:

registration password:

submit

*Software and compilation © 2001 ScienceDirect. All rights reserved.
ScienceDirect® is an Elsevier Science B.V. registered trademark.*


Done

- Daarna sal daar 'n vorm verskyn waarin jy jou persoonlike profiel moet voltooi en vir jouself 'n unieke wagwoord moet kies wat kan bestaan uit alfabetiese letters of syfers of 'n kombinasie, maar MOENIE vreemde karakters gebruik nie.

ScienceDirect - Activate User Account - Microsoft Internet Explorer

File Edit View Favorites Tools Help

Back Forward Stop Refresh Home Search Favorites History Mail Print Stop

Address  https://cs.sciencedirect.com/bu/LoginHandler

Help SCIENCE @ DIRECT

activate user account

Please enter your personal information below, then click the **submit** button.

Surname: **Mr**

First Name:


Internet E-mail Address:

Job Title:

Phone Number: (including country code)

Fax Number: (including country code)

Mailing Address:

 Done

- Die stelsel sal self vir jou 'n gebruikersnaam genereer wat jy van nou af saam met jou nuwe selfgekose wagwoord moet gebruik om toegang tot ScienceDirect te verkry.

ScienceDirect Account Activation Successful - Microsoft Internet Explorer

File Edit View Favorites Tools Help

Back Forward Stop Refresh Home Search Favorites History Mail Print EDX

Address <https://cs.sciencedirect.com/registerHandler>

Help

SCIENCE@DIRECT

account activation successful

Your personal ScienceDirect® account has been created successfully. Your new, permanent User Name is shown below. You will need this, along with the password you chose on the previous screen, every time you enter ScienceDirect.

User Name: **MariusPrinsloo**

Jou nuwe gebruikersnaam wat jy voortaan moet gebruik

To login to ScienceDirect®, click on the **personal login** button below and enter your new User Name and Password. Now that you have created your account, you may login in the future directly from our home page at <http://www.sciencedirect.com/science>.

personal login >

Help

SCIENCE@DIRECT

Done

- Jy is nou gereed om toegang tot ScienceDirect te kry. Gaan na die volgend eWebadres:

<http://www.sciencedirect.com>

- Kliek op "**personal login**" om aan te teken as persoonlike gebruiker.

File Edit View Go Communicator Help

Back Forward Reload Home Search Netscape Print Security Shop Stop

Bookmarks Netsite: <http://www.sciencedirect.com/>

Instant Message WebMail Contact People Yellow Pages Download Find Sites

SCIENCE @ DIRECT

Teken aan as
persoonlike gebruiker

personal login ▶

group-wide login ▶

Articles Online:
1,196,430

Unfolding the World of Scientific Information

ABOUT — PRODUCTS & SERVICES — NEWS — DEMO — USAGE TIPS

Introducing the Next Generation ScienceDirect® – the premier Web information source for the world's scientific, technical and medical research. ScienceDirect offers access to over 1,200 journals, and navigation across 30 million records with links to 10,000 journal titles – covering all fields of science.

- More choice in content
- More choice in navigation
- New features to enhance your research
- Open links to the world's science

Document Done

- Wanneer jy jou gebruikersnaam en wagwoord intik, onthou dat **beide die gebruikersnaam en wagwoord "case sensitive" is**, met ander woorde, hoof- en kleinletters moet presies weergegee word wanneer jy aanteken, anders werk die gebruikersnaam en wagwoord nie.

ScienceDirect Login - Netscape

File Edit View Go Communicator Help

Back Forward Reload Home Search Netscape Print Security Shop Stop

Bookmarks Location: 293988_version=1&_urlVersion=0&_userId=577557&md5=c90b70fc93440786ca40ae064

Instant Message WebMail Contact People Yellow Pages Download Find Sites

Home Journals Search Alerts Account Help SCIENCE@DIRECT

personal login

Druk nou die "submit" knoop om as persoonlike gebruiker toegang te verkry

If you have a User Name & Password...

User Name:

Password:

If you already have a User Name and Password but have forgotten them, then contact the [Help Desk](#).

If you're new...

- [Learn about ScienceDirect](#)
- [View key features](#)
- [Read the latest ScienceDirect news](#)
- [Access the ScienceDirect demo](#)

Software and compilation © 2001 ScienceDirect. All rights reserved.
ScienceDirect® is an Elsevier Science B.V. registered trademark.

Document Done

- Kontak asseblief vir Anriette Pretorius by (018) 299 2810, of Bessie van der Walt by (018) 299 2812 indien jy toegangsprobleme ondervind.